**Mediaverklaring**
**Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)**
**14 Maart 2018**

**Polishouers en begunstigdes ontvang R469 miljard in voordeelbetalings**

Suid-Afrikaanse lewensversekeraars het verlede jaar vir 'n ekonomiese inspuiting van R469 miljard gesorg deur voordeelbetalings aan polishouers en begunstigdes. Totale voordeelbetalings het met 10% teenoor 2016 gestyg, wat bo die inflasiekoers is.

2017 se statistieke vir die langtermynversekeringsbedryf wat vandag deur die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) bekend gemaak is, toon dat Suid-Afrikaanse lewensversekeraars ondanks die stewige styging in voordeelbetalings finansieel kerngesond bly.

Die lewensversekeringsbedryf het aan die einde van 2017 bates ter waarde van R2 840 miljard gehou. Dit is 6% meer as die R2 670 miljard wat aan die einde van 2016 gehou is.

Hennie de Villiers, adjunkvoorsitter van ASISA se Lewens en Risiko-direksiekomitee, sê die bedryf se bates oorskry sy laste met R231.1 miljard, wat meer as vyf en 'n half keer die wetlik vereiste reserwebuffer is. Die wetlik vereiste reserwebuffer, wat as die bedryf se kapitaaltoereikendheidsvereiste bekend staan, was R41.5 miljard aan die einde van Desember 2017.

De Villiers sê dit is 'n aanduiding dat Suid-Afrikaanse lewensversekeraars steeds in 'n goeie posisie is om sy langtermynbeloftes aan polishouers gestand te doen. "Dit is van die uiterste belang aangesien 'n aansienlike gedeelte van die land se langtermynspaarpoel aan die lewensbedryf toevertrou is."

"Terwyl baie verbruikers hierdie voordeelbetalings sou ontvang het weens die aanbreek van 'n beplande gebeurtenis soos aftrede, het ander dit ná 'n traumatiese gebeurtenis soos dood of ongeskiktheid ontvang," verduidelik De Villiers.

Die R469 miljard in voordeelbetalings vir 2017 maak eers werklik sin as dit vergelyk word met die R528.4 miljard in maatskaplike toelaes wat die regering oor die volgende drie jaar begroot het.

Van die totale voordeelbetalings aan polishouers in 2017 is meer as R60 miljard aan individue betaal wat dood of ongeskiktheid in die familiekring ervaar het. Dit is byna R5 miljard meer as in 2016.

**Afkopings**

Polishouers het in 2017 toegang verkry tot R72.6 miljard se voordele deur hul spaarpolisse af te koop. 'n Polis word afgekoop wanneer die polishouer premiebetalings staak en die fondswaarde voor die uitkeerdatum onttrek.

De Villiers sê ofskoon afkopings altyd sorgwekkend is, is dit bemoedigend dat die lewensbedryf 9% minder afkopings as in 2016 gerapporteer het. In 2016 het lewensversekeraars 'n uiters kommerwekkende toename van 16% in afkopings teenoor 2015 gerapporteer.

De Villiers verduidelik dat afkopings in baie gevalle die gevolg is van polishouers wat finansieel noustrop trek en desperaat is om hul spaargeld in die hande te kry.

"Daar kan nooit oorhaastig besluit word oor die afkoop van 'n polis nie omdat die polishouer die voordeel van verdere saamgestelde groei sal misloop. Maar polishouers wat geen keuse gehad het as om hul polisse af te koop nie, het ten minste 'n neseier gehad toe hulle die nodigste gehad het."

**Risikobeskerming toon sterk groei**

Die swak ekonomiese toestande wat verlede jaar geheers het, het 'n groot invloed op nuwe premie-inkomste vir herhalende en enkelpremiebesigheid gehad, wat van 2016 tot 2017 geen oorhoofse groei getoon het nie.

De Villiers sê dit is egter bemoedigend dat meer verbruikers in 2017 bereid was om 'n maandelikse premie vir risikobeskermings- en spaarpolisse te betaal as in 2016. Gevolglik het albei hierdie kategorieë groei behaal in die aantal polisse verkoop. Herhalende premie-risikopolisse het met 8% gegroei terwyl herhalende premie-spaarpolisbesigheid met 3% gestyg het.

De Villiers meen die toename in herhalende premie-spaarpolisbesigheid word steeds gedryf deur 'n verbruikersvraag na belastingvrye spaar- en beleggingsprodukte. Dit kon egter bygedra het tot die afname in herhalende premie-uittreeannuïteitsbesigheid, wat met 17% gedaal het.

Alle enkelpremie-besigheidskategorieë het 'n aansienlike afname in nuwepolisbesigheid aangeteken.

In die 12 maande tot einde Desember 2017 het verkope van enkelpremie-lewensannuïteite met 5% gedaal terwyl verkope van uittreeannuïteite met 6% gedaal het. Verkope van verpligte annuïteite het met 32% teruggesak, wat grootliks toegeskryf kan word aan die bekendstelling van die *de minimis*-belastingreël, wat die drempel waaronder die opbrengs van 'n uittreeannuïteit as 'n enkelbedrag geneem mag word verhoog het.

Ingevolge die *de minimis*-reël mag fondslede die volle bedrag onder die drempel van R247 500 neem. Dié drempel was R75 000 voordat dit in Maart 2016 verhoog het.

**Toename in vervallings**

De Villiers sê die feit dat verbruikers onder finansiële druk is, het ook geblyk uit die skerp styging van 34% in die aantal risikopolisse wat binne die eerste jaar laat verval is. In 2017 is sowat 2.7 miljoen polisse van minder as 12 maande oud laat verval vergeleke met 2 miljoen in 2016.

’n Vervalling vind plaas wanneer die polishouer die betaling van polispremies staak.

De Villiers sê om ’n risikopolis te laat verval, behoort altyd die laaste uitweg te wees.

“Dit klink dalk na ’n goeie idee om ekstra kontant in die hande te kry wanneer die finansies knyp, maar wanneer ’n polis laat verval word, word die finansiële risiko-beskermingsbuffer in werklikheid verwyder – wat die polishouer en begunstigdes kwesbaar laat in die geval van ’n lewensveranderende gebeurtenis soos dood of ongeskiktheid.”

**Einde**

**Vir die reël van onderhoude, kontak:**
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

**Uitgereik namens**
Hennie de Villiers
Adjunkvoorsitter: Lewens en Risiko-direksiekomitee
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

*ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye*.